



## Kan ons nog hoop?

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Net meer as 'n jaar gelede het die virus in alle erns toegeslaan. Ons het die grendeltyd ingegaan en niks was weer dieselfde nie. Sommige is meer daardeur geraak as ander, maar almal is op die een of ander manier geraak.**

Nou is dit 'n jaar later. Is die bedreiging verby? Sommige dink so. Maar ons hoor ook van 'n derde vlag wat kom. Al is die getalle op die oomblik laag, sou dit dwaas wees om te dink die bedreiging is verby. Die werklikheid van hierdie bedreiging het pas weer tot ons gekom toe ons hoor van die tragiese afsterwe van ds Giel Malan, een van die predikante van ons Kerk.

Ek dink ons voel soms soos wat die dissipels, waarvan ons in Johannes 20: 19-23 lees, gevoel het. Afgesonder in 'n toe vertrek, bang, onseker, sonder hoop en selfs seker 'n bietjie skaam ook. Ons probeer ons immers ook van die bedreiging afsluit deur óf onself af te sonder, óf deur maskers te dra, óf deur die regte afstand van ander af te bly. Sommige van ons is ook bang, veral mense wat 'n hoërisikogeval is. Baie is onseker weens die verskillende standpunte waarvan ons gedurig lees. Party het alle hoop verloor, want ons lees selfs van nuwe mutasies en ons beleef dat die inentingsprogram maar nie werklik op dreef wil kom nie. Boonop is talle se finansiële situasie dalk baie sleg en sien hulle nie lig nie.

Dit is die werklikheid waarbinne ons hierdie week die opstanding van Jesus Christus gevier het. Dan praat ons nie eens van ander ellendes en swaarkry in mense se lewens nie. Christus se opstanding beteken egter dat ons nie sonder hoop kan raak nie. Daardie hoop lê in een kort sinnetjie wat in ons gelese gedeelte twee maal herhaal word.

Toe Jesus so onverwags aan die dissipels verskyn daar in die geslote vertrek, word hulle eerstens gerusgestel. Jesus is nie 'n spook nie. Hy groet hulle soos gewoonlik... tog, hoe het Hy dit reggekry om skielik hier tussen hulle te wees in 'n toe vertrek? Ja, Hy het werklik opgestaan, dit sien hulle nou aan die littekens aan sy hande en voete. Maar tog is dit ook nie dieselfde nie. Sy liggaam is nie dieselfde nie.

Die teoloog Bruce Malinga beskryf Jesus se opstandingsliggaam as 'n *alternatiewe staat van werklikheid*. 'n Werklikheid, maar 'n ander werklikheid as hierdie fisiese wêreld van tyd en ruimte waarvan ons deel is. Jesus is hier, maar Hy is nou deel van God se werklikheid.

Tog, Hy is hier ook. Dan die vreemde ding, Hy herhaal die groet *Vrede vir julle*. Dit sê dadelik sy woorde is meer as 'n blote groet. Hy bring vir hulle iets wat niemand anders kan bring nie. Hy bring vrede – ware vrede, volmaakte vrede, die vrede tussen God en mens. Vrede wat vergifnis in die plek van oordeel beteken, wat God se “by ons” in die plek van alleen wees te midde van angs en bekommernis beteken, wat sê: Sy genade is vir ons genoeg!

Ja, Hy het nog meer gesê. Maar mag sy woorde ons in hierdie tyd opnuut met hoop en moed vervul. Hoop en moed, te midde van die bedreiging, want Christus het ook vir ons opgestaan en skenk ook aan ons sy vrede!

**Dr Chris le Roux, Stellenbosch/Worcester**

## Lief en leed



Ds Giel Malan

- **Ds MD (Giel) Malan** (64) van Wonderboompoort is Goeie Vrydag, 2 April, oorlede na sy stryd met Covid-19. Sy vrou, Edith, is steeds in die hospitaal met dieselfde siekte, en 'n roudiens kon dus nog nie gereël word nie. Ons bid haar spoedige beterskap toe, en ons innige simpatie gaan aan haar, hul kinders en die familie.



Prof Ferdinand Potgieter

- Ds Kalla (em) en mev Marita Fourie se skoonseun, **Herman Geldenhuys** (47), is Donderdagoggend 1 April in mev Fourie se arms oorlede. Ons gebede is met sy vrou Rianda, dogtertjie Marlynette en die familie. Opregte dank en waardering gaan aan ds Marius Kramer vir sy hulp en bystand.

- **Prof Ferdinand J Potgieter** (hoogleraar in Filosofie van die Opvoeding in die Fakulteit Opvoedkunde aan die NWU in Potchefstroom) is gedurende Maart vanjaar met borskanker gediagnoseer en het sedertdien 'n radikale mastektomie ondergaan. Hierdie is prof Potgieter se tweede stryd teen kanker. Hy is in Oktober 2016 met aggressiewe prostaatkanker gediagnoseer. Prof Potgieter is lidmaat van Gemeente Grimbeekpark in Potchefstroom. Ons bid hom sterkte en algehele beterskap toe.



Dr Hans Dreyer

- Emerituspredikant **dr JGM (Hans) Dreyer** (75) is Woensdag 7 April in die Midstream-hospitaal opgeneem vir 'n knieervanging. Ons bid hom spoedige herstel toe, en sterkte vir hom en sy vrou, Penina.

- **Oudl PM (Pietie) van der Merwe** is reeds 50 jaar lank die kassier van Gemeente Krugersdorp-Noord. Daar is 49 kasboeke in die Kerkargief wat hy opgeskryf het! Baie geluk met die besondere mylpaal!

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 April 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 8 April: Ds J (Joha-Lize) Uys (30) (beroepafwagting)
- Saterdag 10 April: Ds SW (Schalk) Zastron (28) (Goudveld/Kroonstad)
- Sondag 11 April: Ds G (Gys) van R Els (69) (emeritus)
- Maandag 12 April: Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (59) (emeritus)
- Dinsdag 13 April: Prof AJ (Alex) Antonites (78) (emeritus), di GPJ (Gerrie) Grobler (77) (emeritus) en CB (Nardus) Enslin (57) (Rustenburg-Kloof)
- Woensdag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs jr (35) (Gaborone), di JZ (Hans) Britz (54) (Standerton), JP (James) Jooste (69) (emeritus) en R (Rue) Hopley (34) (Pretoria-Oos)
- Donderdag 15 April: Ds WH (Wessel) Swart (74) (emeritus)
- Vrydag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (47) (Sinodaal)



Oudl Pietie van der Merwe

## Gemeentes en bediening

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by [george.marais@fineandcountry.com](mailto:george.marais@fineandcountry.com). Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.

- **Vakante werkruimte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

**Aansoeke** moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan **njssteenekamp@gmail.com**. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

## Beplande vergaderings

- Sondag 11 tot Dinsdag 13 April: Bosberaad oor teologiese opleiding
- Vrydag 16 April: Moderamen

## Kerklike publikasies



Bybelse Dagboek / Almanak 2021  
R190 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting  
oor die Hervormde Kerk  
én 'n inspirerende Bybelse  
dagboek in een omslag

Bestel by [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za)

## Toerusting



Het jy te veel ou preke al

AFGESTOF  
en kort jy nuwe  
PREEKstof

Subskripsiestof vir akuele preekstof,  
komplementerende beeld- & metafoorstof as  
entstof vir jou uitgeputte grysstof

die Kerk

- Tyd vir lees en stof tot nadenke vir preekmaak is min, daarom **subskripsiestof**, 'n platform wat jou as prediker kan help om meer tyd met jou gesin deur te bring. Subskripsiestof bied aan jou die geleentheid om **weekliks deurdagte relevante en akuele preekstof** te ontvang. Indien jy hierin belangstel, vul asseblief jou besonderhede in en ontvang ook jou eerste preek gratis. Indien jy wonder of dit kan werk, toets hierdie eerste gratis preek in jou gemeente, en na aanleiding van die terugvoer, neem 'n besluit oor jou subskripsie.

Vir jou gratis preek, vul asseblief jou besonderhede in en ons sal die preek per e-pos vir jou aanstuur. Alle inligting word as vertroulik bestempel en sal met geen derde party, gemeente of persone gedeel word nie. Klik hier om die vorm te voltooi: <https://forms.gle/tNexyVWLGmntPi6X6>

- **Gemeente Vaalpark**  
**Gratis konferensie oor aftrede en die pad vorentoe**  
**Saterdag 17 April 10:00-13:00**  
hv Opperman - en Prinsbergstraat, Vaalpark

Dr Christo van der Merwe  
*Die emosionele impak van aftrede*

AVBOB  
*Leiding aan seniors/lewenlêer*  
Met gaskunstenaar Matt Stern

Adv Jaco Bothma  
Ons Tuis Monumenttehuise  
*Regsaspekte van aftrede*

Gratis toegang en ete ingesluit  
Navrae: Lisa 083 943 4561  
Riana 083 953 2915

## 'n Gedig

### Huis oordag

ek het om my te vestig in vreugde 'n huis gebou  
vir stoeiende seuns vlinderige dogters verwek  
in ekstase en 'n geliefde teer gekwete vrou

vir baie vriende om nes te maak  
'n plek vir swaels hangplek  
vir baie skilderye wat bewaak

moet word boeke rak op rak om huis te hou  
vir die groot stilte wat skrikgewek  
aardebewend in die dak in die stene en die fondament kraak

### TT Cloete

(Uit: *Die baie ryk ure*, 2001)

## Barmhartigheid



- **15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: *Tooi Turkoois vir Bejaardes*.** Gedurende hierdie maand is die fokus op bejaarde persone en hul behoeftes. Alles gebeur aanlyn of op gemeentevlak. Gemeentes word uitgenooi om op die volgende maniere betrokke te raak:
  - Begin met die een of ander aksie **deur** bejaardes **vir** bejaardes: brei, hekel, maak lappies, verleen enige vorm van hulp. Interessante items kan gemaak word, soos kombesies, vroetelvoorskote, vroetelmoue, vroetelhandskoene en vroetel-lêers, en nog ander interessante items. Deel dit uit aan bejaardes of instansies in nood, in u omgewing.
  - Versier steeds die kerk en omgewing met turkoois linte, lappe, plakkate, ensovoorts.
  - Loods 'n gemeente-aksie, kompetisie of fondsinsameling.
  - Alle gemeentes word vriendelik versoek om hul bes te doen om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy.
- Navrae: Ds Lilian Erasmus, voorsitter: Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082
- **VAKATURE: Sekretaresse** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van 'n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, 'n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan

die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na [info@rata.org.za](mailto:info@rata.org.za).

- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergerieme met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuse vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Allegaartjie

“Ek dink die naaste wat jy aan die hemel kom, is twee goed: As jy reg getrou het en as jy die beroep kon volg wat jy wou.” (Magda van Biljon, *Beeld/Netwerk24*, 24 Maart 2021)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- tot 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

## Gebed vir die week

Mag geeneen van u wonderbare werke  
ophou om U te loof nie,  
God van skoonheid en wonders –  
nie in die nag nie, en nie in die môre nie.  
Laat die skitterende sterre,  
die majestueuse berge,  
die onpeilbare dieptes van die see,  
die bruisende golwe,  
die singende waterstrome –  
laat almal losbreek in sang en lof aan U,  
die Skepper van dit alles,  
Vader, Seun en Heilige Gees!  
By die engele voor u troon  
voeg ek ook my stem:  
Amen! Amen! Amen!  
Mag en majesteit,  
heerlikheid en eer kom U toe,  
Skenker van eindelose genade.  
Amen! Amen! Amen!

### Doksologie uit Egipte

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)